17 April 2020

Geagte Ouers / Voogde

Soos u reeds bewus is, het daar baie gebeur sedert die skool gesluit het. Baie vrae word gevra waarvan ons nie die antwoorde het nie.

Die skool word gerig en voorgeskryf deur die Regering en die Departement van Onderwys. Sodra ons nuwe inligting ontvang, sal ons u dadelik daarvan verwittig. Daar is tans verskeie voorstelle en scenario's op die tafel, maar niks is feitelik agv die feit dat ons nie weet wanneer die grendeltyd opgehef sal word nie. Graag wys ons u op die plan wat tans op die tafel is, INDIEN die grendeltyd opgehef sou word of dalk gedeeltelike opheffing vanaf 1 Mei 2020.

Kinders sal stelselmatig terugkom na die skool volgens die volgende plan:

Graad	Datum terugkeer na skool
12	6 Mei
11	20 Mei
10	3 Junie
9	17 Junie
8	1 Julie

Die skool gaan voort om in alle vakke ekstra inligting/werkstukke via verskeie sagteware platforms na die leerlinge te stuur. Dit is belangrik dat die werk gedoen word. U is alreeds bewus van al die skakels ('links') op die Internet vir ekstra werk en inligtingstukke. Gebruik dit asseblief!

Die belangrikste om te onthou: Al die werk waaroor eksamen geskryf gaan word sal behandel word. Die verlore skoolure sal ingehaal word. U as ouergemeenskap moet egter besef dat daar hard gewerk gaan word wanneer die skool weer begin. Dit sal 'n reuse spanpoging verg van almal betrokke! Ons maak staat op u ondersteuning en samewerking hiervoor.

Geniet hierdie tyd saam met u gesin en gebruik dit ten volle. In hierdie tyd van onsekerheid kan ons net op ons geloof staatmaak.

Lydens-groete.

C Aucamp

C Aucamp
Waarnemende Hoof

100 JAAR VAN TROTS 1921 - 2021